Jesus ons Verlosser leef! Ons reik uit oor alle grense.

29 OKTOBER 2017

GEMEENTEBULLETIN

REFORMEREND VORENTOE

STELLENBERG-GEMEENTE

021 976 4519 (kerkkantoor)
021 975 1044 (jeugkantoor)
021 910 3900 (feesmark)
021 976 8029 (SOS)

www.stellenberg.co.za
navrae@stellenberg.co.za

OGGENDDIENS

Vernuwe met Christus

(Matt. 5:17-20)

JEUGDIENS

Vrugtebome vir God

(Galasiërs 5:13-26)

DEUROFFER

Klipheuwel crèche

EREDIENSTE

			29 Oktober		5 November	
09:00	Kerk	Oggenddiens	Ds. Kotze	5/7	Prof. R. Vosloo	3
09:00	Kapel	Meditatief	Ds. Visagie	-	Philipp Dietmann	-
09:00	Kleinsaal	Gesinsdiens	Geen diens	-	Prop. vd W'huizen	8
18:00	Kerk	Jeugdiens	Prop. vdW'huizen	-	Ds. Kotze	-
19:00	Kapel	Kruisdiens	Philipp Dietmann	11	Philipp Dietmann	12

REFORMASIE FEESWEEK

Koop nou kaartjies vir die volgende:

- **Tafelgesprekke** op 6, 8 en 9 Nov. Kaartjies is **NOU R50** per persoon per aand. Dit sluit 'n ligte vingerete in.

6 Nov 18:30: Reformasie & ekonomie - Prof. Piet Naudé

8 Nov 18:30: Reformasie & onderwys - Prof. Michael le Cordeur

9 Nov 18:30: Reformasie & demokrasie - Aartsbiskop T. Makgoba

- **Feeskonsert** 12 November van 19:00 tot 20:00 met Zorada Temmingh (orrelis) en die US Konservatorium Kamerkoor onder leiding van Martin Berger. Kaartjies R50 per persoon. Alle kaartjies is weeksdae by die kerkkantoor te koop of Sondagoggende by die inligtingstafel of stuur 'n e-pos aan navrae@stellenberg.co.za

DR. BLACKABY - GEESTELIKE LEIERSKAP

Dr. Richard Blackaby, medeskrywer van "Beleef God", besoek ons op 11 en 12 November. Op Saterdag 11 November bied hy vanaf 08:30 tot 12:30 'n seminaar oor geestelike leierskap aan. Kaartjies @ R100 pp kan by milda@stellenberg.co.za bespreek word, of skakel 021 976 4519.

JEUGDAGBOEK

- SENIOR KATEGESE EN JEUGDIENS - Jeugdiens begin 18:00 met die kleingroepe wat daarop volg. Kom kuier voor die jeugdiens saam - daar sal musiek, koffie en vure wees.
- SENIOR KLEINGROEPLEIERS kom Sondag 17:30 in restaurant-tent bymekaar.
- JUNIOR KATEGESE - graad 1 tot 7 kom vanaf 10:00 in die kerk bymekaar. Kom wees deel van ons kersliggieprojek - met vonkies en vlammetjies is ons almal ANNIBRAND vir Jesus.
- GRAAD 7'S word spesiaal uitgenooi om die jeugdiens by te woon.
- KLEINGROEPE vir jong volwassenes kom op Woensdae en Donderdae bymekaar. Kontak Peter by 073 262 3848 indien jy wil inskakel.
- ALIVE vir studente: elke Sondag om 17:00 tot 18:00, kapel.
- DELFT-uitreik: Elke Donderdag direk na skool om 14:30.
- JEUG APP: Gaan na *Google Play* of *Apple Store* en soek "Stellenberg". *Download* en geniet!

ONS BID VIR MEKAAR

Johan Neethling, Melinastraat, Rosendal - ontvang bestraling.

Pieter Ernst, Oakglen - hy het 'n hartomleiding operasie ondergaan.

BORG-'N-BERSIE

Ondersteun asb. die Jeugbediening se bersieprojek wat tydens die feesmark geloods word. Ons beoog om volgende jaar 3000 kombersies tydens die uitreike uit te deel. Jy kan 'n donasie koepon @ R20, R50 en R100 by ons Feesmarkstalletjie koop.

GRAAD 1-TOT-3-KAMP

Kom kamp saam met ons van 17 tot 18 November in die grootsaal. Bring jou eie tent, slaapsak en flits. Ons gaan die Taai-toffie-challenge aanpak. Kom maak jou hande lekker taai en leer hoe om boelie-gedrag te hanteer. Inskrywings by sunet@stellenberg.co.za

KATEGESE LOKALE

Gr 1 tot 7	Kerk
Gr 8 - 10	Kerk
Gr 11	Tent

FEESMARK

Ons is dankbaar vir 'n groei van 13% op die afgelope twee weke se Feesmark verkope. Na afloop van die mark sal volledige terugvoer volg.

Besoek die Feesmark tot 4 November.

Maandag tot Vrydag

10:00 tot 20:00

Saterdag

09:00 tot 18:00

STELLENBERG ONDERSTEUNING-SENTRUM

Die sentrum bied terapeutiese dienste. Kontak hulle gerus om 'n afspraak by enige van die volgende professionele persone te maak:

- Kliniese Sielkundige
- Lewensafrigter
- Mediator

021 976 8029
sos@stellenberg.co.za

TIENDEMAANDINSAMELING 12 NOV

Gedurende November gee ons in die gees van die Bybelse "Tiende van die oes aan die Here" 'n spesiale dankoffer aan die Here. As gelowiges gee ons egter in die gees van DANKBAARHEID omdat ons glo dat alles wat ons het aan die Here behoort

- **Jesus** het self gesê: "Om te gee, maak 'n mens gelukkiger as om te ontvang." (Hand 20:35) en "Waar jou skat is, daar sal jou hart ook wees." (Matt 6:21)

- As teken van ons **besorgdheid oor die aarde** en herwinning, bring simbolies jou tiendemaandbydraes (die kontant of bewys van betaling) in 'n houer, koevert, of sakkie wat jy uit herwinbare materiaal gemaak het. Span 'n leë plastiekbottel, blikkie, koerantpapier, boksie of enige iets denkbaar in. Plaas jou telefoonnommer bo-op want daar is twee pryse op die spel (restaurant-etes ter waarde van R500) vir die mees kreatiewe skepping.

Die totaal van ons insamelings die afgelope vyf jaar was as volg. Ons mikpunt vir die 2017/18 boekjaar is R1 650 000.



NOVEMBER: MAAND VAN DANKBAARHEID

Gelyklopend met ons Tiendemaandinsameling in November wil ons lidmate geleentheid gee om op 'n tasbare wyse 'n bydrae te lewer deur netjiese, bruikbare huisraad aan 'n minderbevoorregte persoon / gesin te skenk. Gee bydraes vanaf November by die kerkkantoor af. Indien jy 'n verdienstelike persoon of gesin ken wat 'n spesifieke huisraad item benodig, stuur 'n epos aan navrae@stellenberg.co.za

BREIGROEP

Ons kom Maandag 6 November om 09:30 in die kafeteria bymekaar.

Almal is welkom. Bring jou brei– of hekelwerk saam.

GEBEDSGROEP

Ons nooi alle lidmate om in te skakel by ons informele gebedsbyeenkoms elke Dinsdagaand om 19:00 in die kapel. As jy by die WhatsApp-gebedsgroep wil aansluit, stuur asb. jou nommer en naam na 082 877 9773 (Retha). Gebedsversoeke kan ook via die webwerf www.stellenberg.co.za/gebedsgroep aan die groep gestuur word.

HERWINNING

Ons doen 'n beroep op lidmate om nie glas en herwinbare plastiek in swart munisipale dromme te gooi nie, maar dit in die herwinningsdromme te plaas wat weekliks verwyder word.

DOOP VANDAG

- Brendan en Mariette Booth, Langebergweg 4, laat doop vir Ruben Russell Booth.
- Jaco en Bernice Moolman, Genevasingel 36, Uitzicht, laat doop vir Jordan en Connor Moolman.

MET LEEDWESE

Francina Jacoba Wagenaar, gebore 22/08/1920 en oorlede op 24/10/2017. Sy was 'n inwoner van Edelweiss en reeds sedert 1979 'n lidmaat van Stellenberg-gemeente. Begrafnisreëlings is nog nie bekend nie.

GELOWIGES EN DIE SKEP VAN RYKDOM

Hoe kan ek sinvol en betekenisvol werk en 'n goeie lewe vir myself en my gesin skep?

Aanbieders: Dries du Toit bekende finansiële konsultant wat ook gereeld op RSG konsulteer, bied die kursus aan n.a.v. die befaamde boek *The richest man in Babylon en* ds. Callie Visagie gee 'n Bybelse perspektief oor rykdom**.**

Plek: Kapel Datum: 30 Oktober 18:30 - 20:00

Koste: R50.00 p.p. of gesin. Besprekings: Anneke Serfontein sos@stellenberg.co.za / 021 976 8029 / vanoggend by die inligting-stalletjie.

VATVYF UITSTAPPIE

Uitstappie na Evertsdal Opstal, Hugenotestraat 13, Eversdal op 1 Nov. Ontdek die opstal se geskiedenis binne die Durbanville gemeenskap. Bring stapskoene saam. Ons ontmoet mekaar 09:30 by die opstal. Maak waar moontlik van eie vervoer gebruik. Die Edelweiss-groep ontmoet om 09:15 by kerk vir bussievervoer. Bespreek asb. jou plek by Karin 021 976 4519 voor of op Maandag 30 Oktober. Koste R30 per persoon.

KLEINGROEPE

Indien jy belangstel om by 'n kleingroep (gesinsgroep, gebedsgroep, groep vir afgetredenes / jongmense) in die gemeente in te skakel, stuur 'n e-pos na navrae@stellenberg.co.za.

LEESROOSTERS KAN NOU BESTEL WORD

Leesrooster 2018, wat wêreldwyd deur kerk gebruik word vir die lees van die Bybel kan @ R80 elk bestel word.

Stuur 'n epos aan navrae@stellenberg.co.za om bestelling te plaas of kontak Karin by 021 976 4519 voor einde Oktober.

CONSPIRITO KOOR

bied aan 'n Lofprysingsfees op 3 Nov, 19:30 by die Gereformeerde Kerk Bellville-Oos, Cherriestraat, Bellair.

Saamsing van bekende geestelike liedere met koor, vier koperblaasinstrumente , soliste en orrel.

Kaartjies @R50 by die deur.

NG KERK RUYTERWACHT BASAAR

3 November 17:30 Saldanhastraat, Ruyterwacht.